BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 22

Die sekerheid dat jy 'n kind van God is, is nie die einde van die pad nie maar die begin daarvan. Nou word dit moontlik om as gelowiges te groei. Maar waarheen lei dit alles? Wat is die ideaal wat ons voor oë moet hou wanneer ons van geestelike groei praat? Dit begin by die sondeval toe die beeld van God in die mens geskend is. Ons is juis verlos sodat die beeld van God in ons herstel moet word [Ef.4:24]. God se beeld moet nie hier fisies verstaan word nie. Dit beteken alleen maar dat God die mens gemaak het om, in wat hy doen, die eienskappe van God te vertoon. Jesus se volmaakte lewe is die model, die ideaal wat God vir elke Christen het [Ef.1:4]. Dit is die doel van ons verlossing hier op aarde.

Maar God werk ook met sy kerk. Daarvoor het Hy dienaars van ouderlinge en diakens gegee. Hulle staan in diens van Jesus Christus. Die doel van hierdie dienaars is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens EN vir die opbou van die liggaam van Christus. So is daar twee doelwitte vir die dienaars in 'n gemeente:

a. Om die gelowiges toe te rus vir hulle diens.
b. Om die liggaam van Christus op te bou.

Die EN wat a en b met mekaar verbind, kan in die oorspronklike taal ook met *naamlik* vertaal word. Dan is die opbou van die liggaam nie 'n tweede taak van die dienaars nie maar van die toegerusde lidmate. Ons sou vers 12 dan ook soos volg kan vertaal: *Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens, naamlik die opbou van die liggaam van Christus.*

So is die opdrag van 'n ouderling en diaken nie om al die werk in 'n gemeente te doen nie. Hulle taak is om die gelowiges [lidmate] toe te rus vir hulle werk: die opbou van die liggaam.

Waarheen groei die gemeente? Tot die eenheid in die geloof en ons moet so volmaak en volwasse soos Christus wees. Dit beteken dat ons al sy karaktertrekke moet vertoon. Ons hele persoonlikheid moet al meer soos Syne word. Dan word ons volwasse in die geloof.

GEESTELIKE GROEI – OP PAD WAARHEEN?

Dit is merkwaardig dat die Bybel vir ons die ideaal voorhou om niks minder nie as "so volmaak en volwasse soos Christus" te word [Ef.4:13]. Die vraag is of ons dit in ons gemeentes goed genoeg verstaan en in ons gemeenteprogram werklik daarmee rekening hou. Maar hoe lyk 'n gelowige wat gelykvormig is aan die beeld van Jesus Christus?

1. LEES 1 Korintiërs 2:14-3:4.
   In watter twee groepe verdeel die Bybel mense in die algemeen volgens 1 Korintiërs 2:14a en 2:15a?

2. In watter twee groepe deel Paulus Christene in 1 Korintiërs 3:1-4? Let daarop dat hy hulle aanspreek as “broers”. Hulle is dus almal gelowiges maar nie almal eenders nie. Hoe tree hulle op?

Maar hoe lyk 'n Jesus-gelykvormige lewe?

3. LEES die volgende gedeeltes en beskryf wat elke groep ons van 'n Jesus-gelykvormige lewe leer:
   - Filippense 2:3-7.
   - Filippense 2:7b-8; Matteus 26:39 en 42; Johannes 9:4.
   - 1 Korintiërs 11:1 en 1 Johannes 2:6.
   - Matteus 4:19, 9:35-38; Lukas 19:10.
   - Johannes 3:34.

Maar hoe kom ek daar? Die groei tot geestelike volwassenheid – tot gelykvormigheid aan Jesus – het 'n goddelike en 'n menslike kant. Dit is aan die een kant geheel en al genadewerk van die drie-enige God. Aan die ander kant het ook ons 'n aandeel en verantwoordelikheid daarin.

Die werk van God:

4. LEES 2 Korintiërs 3:12-4:6.
   - Vers 12-16: wat beteken hierdie “sluier” en die wegneem daarvan?

- Wat is volgens u die groot les van vers 17-18?

Van die mens se kant:

5. LEES Kolossense 3:1-11.
   - Verduidelik in jou eie woorde wat vers 1-3 sê oor ons aandeel in ons heiligmaking.

   - Vers 9 en 10 is die kern van hierdie gedeelte. Dit bevat 'n werkwoord in die verlede tyd [vers 9] en een in die voortdurende teenwoordige tyd [vers 10]. Noem die werkwoorde en beskryf wat dit beteken.

6. LEES Kolossense 3:5-11.
   Maak 'n lys van al die opdragte wat aan ons gegee word in verband met ons nuwe lewe in Christus.

B. ANTWOORDE.

1. Mense wat nie die Gees van God het nie en mense wat wel die Gees van God het.
2. Vir Paulus was hierdie gelowiges nog onvolwasse in die geloof. Daarom noem hy dat hulle nog kindertjies in die geloof is. Onderlinge twis en eie begeertes het hulle optrede beheers. Volwasse Christene daarteenoor se lewe word deur God se begeertes beheer.
3.
   - Filippense 2:3-7.
     Gelykvormigheid aan die beeld van Christus beteken om met 'n nuwe hart en daarom met 'n nuwe gesindheid te lewe. Dit is om leeg van jouself – alles te doen vir die heil en seën van ander.

- Filippense 2:7b-8; Matteus 26:39 en 42; Johannes 9:4.
  Dit is 'n lewe van volmaakte gehoorsaamheid.
- 1 Korintiërs 11:1 en 1Johannes 2:6.
  'n Jesus-gelykvormige lewe beteken dat 'n mens se hart in die regte verhouding met die Here is. Dan is jy 'n navolger van Christus [1Kor.11:1]. Dit is om te leef soos Hy geleef het [1Joh.2:6]. Hoe meer jy soos Jesus word, hoe meer leef jy soos Hy.
- Matteus 4:19, 9:35-38; Lukas 19:10.
  Jesus-gelykvormigheid is ook om lief te hê soos Hy. Wie agter Hom aan gaan, meer en meer soos Hy word, sal 'n visser van mense wees [Matt.4:19], sal die redding van sondaars soek [Luk.19:10], sal met hartseer oor verlorenes begaan wees [Matt.9:35-38].
- Johannes 3:34.
  Christus-gelykvormigheid beteken om volkome onder die heerskappy van die Heilige Gees te lewe. So het Jesus die Heilige Gees gehad sonder enige beperkinge.

4.

Vers 12-16: Die sluier is hier beeld van 'n bekeerde of onbekeerde persoon. Paulus pas dit hier toe op die Jode wat steeds vaskyk teen die wet en hulle herkoms. Maar steeds is dit vir hulle onmoontlik om die Ou Testament se verwysing na Jesus Christus raak te sien en te verstaan. Met bekering word die sluier weggeneem en kan die gelowige God se heerlikheid raaksien.

Vers 17-18:

Drie sake is hier opvallend:

In die eerste plek word die samewerking tussen Jesus Christus [Here] en die Heilige Gees beklemtoon. Die Heilige Gees maak Jesus Christus deel van ons lewe [v.17].

In die tweede plek verander die Heilige Gees ons al hoe meer om aan die beeld van Christus gelyk te word, totdat ons almal die heerlikheid van die Here weerspieël.

In die derde plek moet ons raaksien dat ons bekering en heiligmaking God se werk is. Daarom dat die werkwoorde wat Paulus in 1 Korintiërs 3 gebruik, in die passiewe vorm is. Daar staan: “Die sluier is van ons gesig af weggeneem” en: “Ons word al meer verander.” Dit is dus nie iets wat ons self doen nie. Dit moet vir ons en in ons gedoen word.

5.

- Vers 1-3: Ons moet strewe [ingestel wees] op die dinge wat daarbo is. Hoe? Deur ons gedagtes te rig op die dinge wat daarbo is.
- Vers 9: Julle het met die ou, sondige wêreld en sy gewoontes **gebreek**.

Dit sien op ons bekering en dui op 'n besluit om met die sonde te breek en die Here Jesus aan te hang.

Vers 10: Julle **leef** nou die lewe van die nuwe mens.
Dit dui op ons geestelike groei wat net moontlik is deur 'n innige verbondenheid met God.

7. Moet die aardse dinge doodmaak wat nog deel van my lewe is [vgl. vers 5].
   Ons moet al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek, vuil taal. Moenie vir mekaar lieg nie.

****